CCPS An AIChE Technology Alliance Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon 10 Year Anniversary
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap aan bedryfspersoneel

Die uitgawe is geborg deur:
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Goeie huishouding vir veiligheid!

Desember 2012

’n Brand het begin in ’n vullisdrom in die prosesgebou. Daar was soldeerfluks, sweis-afval, algemene afval en ’n paar lappe deurdrenk met olie in die vullisdrom en die drom is vir ’n lang tyd nie skoongemaak nie. Die ontstekingsbron was moontlik warm sweisafval of spontane ontbranding van die lappe.







Die brand het versprei na verspillings van droë polimeer op pype, vloere en strukture in die omgewing. Die brand het groot skade veroorsaak aan die gebou, kabels, instrumente en beheertoerusting. Hoewel niemand beseer was nie, het die aanleg vir ’n lang tyd gestaan terwyl herstelwerk gedoen is. Die skade was etlike honderd duisend Dollars.

## Wat het gebeur?

- Swak huishouding het bygedra tot die insident:
  - Die brand het ontstaan in ’n algemene vullisdrom wat verkeerdelik gebruik is vir instandhoudingsafval. Dit is ook nie gereeld leeggemaak nie.
  - Die brand het vererger omdat daar verspillings van droë polimeer in die omgewing was, op die pype, strukture en vloere. Die verspillings was die branstof wat veroorsaak het dat die brand vererger.
- Daar was gereelde prosesprobleme en lekke op die aanleg. Verspillings van ’n waterbasis polimeer emulsie het gereeld plaasgevind.
- Aanlegoperateurs het opgegee om die area te probeer skoon hou, want dit het net weer gelek. Die lekke was as gevolg van ’n ontwerpprobleem en buite die beheer van die bedryfspersoneel. Die aandag van bestuur en ingeneurs was nodig om die probleem op te los.
- Dis moontlik dat ’n kultuur ontstaan het dat ’n vuil aanleg “normaal” is. Een ding lei tot ’n ander en so het dit moontlik ook normaal geword on afval te meng in die vullisdrom, en om nie vullisdromme gereeld leeg te maak nie.
- Die soort situasie word genoem “Normalisering van afwyking”. Dis groot woorde vir wanneer mens opgee om die onaanvaarbare situasie te probeer verander en dit begin aanvaar as normaal.




## Wat kan jy doen?

- Verwyder instandhoudingsafval dadelik na die korrekte vullishouers daarvoor. Onthou, die werk is nie klaar voordat jy skoongemaak het nie!
- Lappe besoedel met olie of chemikalie en papier moet in korrekte houers gegooi word. (Metaal houers, weg van ontstekingsbronne en buite die prosesarea.)
- Algemene afval moet in die korrekte houers gegooi word en houers moet gereeld leggemaak word.
- Hou prosesareas skoon. Enige brandbare materiaal en stof kan akkumuleer op pype, strukture en kabels en kan in geval van ’n brand alles vererger.
- Moenie ‘n situasie van gereelde lekke aanvaar as normaal nie. Herinner bestuur aan die potensiele gevaar en werk saam om ’n oplossing te kry.

**‘n Skoon aanleg is ‘n veiliger aanleg!**

AIChE © 2012. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, and Vietnamese.**